**Donderdag 20 Julie**
**Skrifgedeelte: Esegiël 36:24-32**
**Fokusgedeelte: Esegiël 36:32**
**Die Heilige Gees bring vreugde deur droefheid**
In Esegiël 36 praat God met sy volk wat in ballingskap in Babel is. God het hulle laat wegvoer omdat hulle volhard het in ongehoorsaamheid en afgodery.
Ons sien ’n opvallende herhaling in hierdie verse, naamlik dat God by herhaling sê: “Ek sal.” God praat met sy volk in hopelose omstandighede wat hulle oor hulleself gebring het. Tog sê God vir hulle dat Hy gaan herstel wat hulle gebreek het. Juis omdat God die herstel gaan bring, kan daar 100% sekerheid wees dat die herstel sal plaasvind.
God sal hulle reinigingswater oor hulle sprinkel sodat hulle weer in die tempel mag kom. God sal vir hulle nuwe harte gee sodat hulle Hom werklik wil dien soos Hy hulle leer. God sal sy Gees vir hulle gee as versekering dat Hy altyd by hulle sal wees.
Hierdie profesie het sy eerste vervulling gehad met die terugkeer uit ballingskap. Die tweede vervulling van hierdie profesie is vervul in Jesus Christus wat ons sondes volkome afgewas het deur sy dood en opstanding. Hiermee saam het Hy ook sy Gees op sy kerk uitgestort. Wanneer die Heilige Gees geloof in ons bewerk, beleef ons opregte berou oor ons sonde. Ons besef dat ons sonde oneer aan God se Naam gebring het. Ons skaamte staan in kontras met enige valse trots wat ons sou kon hê omdat God ons verlos het; trots asof ons die verlossing verdien het.
Dan beleef ons ook opregte vreugde vir die verlossing wat God vir ons gegee het. God sê juis dat die verlossing net op grond van sy groot genade en barmhartigheid geskied, sodat sy volk en die wêreld sy goedheid, sy almag en sy getrouheid sal sien.
Ons sien ook met vreugde uit na die Nuwe Jerusalem waar ons finaal skoongewas sal wees van alle sonde, God met ons hele hart sal dien en in sy teenwoordigheid sal wees.
*Sing: Skrifberyming 8-1:1-2*
*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Vanderbijlpark Trinitas)*